THE MIDDELBURG OBSERVER Aug. 1931.

# UITNODIGING

## TOT DIE INWYDING VAN DIE NUWE HOËRSKOOL KOSHUISE.

Maandag, die 3de Augustus, 1931, sal voorwaar 'n rooiletterdag wees in die geskiedenis van Middelburg, omdat dan die nuwe koshuise vir seuns van die Middelburgse Hoërskool sal geoepn word deur die Administrateur van Transvaal.

Maandag, die 3de Augustus, is 'n vakansiedag, en dus 'n goeie geleentheid vir die publiek om die verrigtings by te woon, en hulle belangstelling en waardering te toon.

Behalwe die inwydingsplegtigheid om 10.30 v.m., sal op die Hoërskool gronde verskeie ander vermaaklikhede wees, soos kadette- en gimnastiese vertoninge. Dan sal daar ook nog 'n korfbalwedstryd gespeel word. Om 11 uur v.m. sal tee verskaf word, alles gratis. Die publiek word dus vriendelik uitgenooi om hierdie verrigtinge by die Hoërskool by te woon en hulleself te kom oortuig van die prag en geskiktheid van die nuwe koshuise.

Wie is daar wat wil betwis dat hierdie tiepe van koshuise nie idiaal is nie ? Behalwe die buite geboue, bestaan die "Nuwe Voorspoed" uit 10 geboue, n.l., 'n pragtige eetsaal, twee gerieflike wonings vir huisvaders en sewe aparte huise vir kosleerlinge. Van laasgenoemde bestaan elke huis uit agt vertrekke, n.l., vyf slaapkamers (elk vir drie seuns), een slaapkamer vir 'n prefek, 'n badkamer voorsien van stort baddens, wasbakke en warm water installasie en 'n goed ingerigte studeerkamer met kaggel. In elke huis word sestien seuns gehuisves en in die sewe huise is daar plek vir 112 kosgangers. Tussen hakies kan hier bygevoeg word dat die winter met al sy strengheid nie in staat sal wees om hom in een van hierdie huise te laat voel nie en in die somer is daar oorgenoeg lig, lug en koelte.

Middelburg is groot dank verskuldig aan ons L.P.R. en die Uitvoerende Komitee vir die vergunning wat hulle ons te beurt laat val het deur hierdie tiepe van koshuise die eerste op ons dorp te bou.

Die voordele van hierdie tiepe is legio in vergelyking met die cu dubbelverdieping-tiepes van die P.W.D., waar orde alleen kan gehandhaaf word deur middeleeuse skoolmilitarisme die bowe toon te laat vier. In hierdie nuwe koshuise is daar :

1. Meer ruimte.
2. Meer lig en lug.
3. Meer kans om orde te bewaar.
4. Minder kans vir geraas.
5. Meer kans om netheid en reinheid aan te kweek.
6. Meer kans om die estetiese gevoel by die kind aan te wakker.
7. Minder kans vir verspreiding van siektes.
8. Minder kans vir heimwee omdat hier huislikheid heers.

Ja, waarlik, die U.K. het nie 'n fout gemaak nie. Middelburg is die regte plek vir so 'n koshuis en verdien die eer. Middelburg is en bly die middelpunt van gesonde klimaat en natuurlik ook gesonde opvoeding.

N.B.—Vergeet die 3de Augustus nie.